

Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas
2017-09-17
Eks. 17:1-7

Die Here gebruik sy diensknegte ondanks die ongehoorsaamheid van die wêreld

Inleiding

- Uitkoms uit Egipte – die volk is vry van die mag van die bose Farao
 - Kan u die opwinding verbeel?
 - Hierdie massa mense het pas die wonder beleef van die Rooisee wat voor hulle oopgekloof is, waardeur hulle vrylik kon beweeg, maar die Egiptenare word deur die watermassa oorweldig.
 - Sigbare tekens van God se almag word vir hierdie mense uitgewys
 - Kyk hoe almagtig is God!
 - Kyk hoe almagtig is julle God!
- Maar die bohaai oor die saak kom tot ruste en die volk bedaar en dan moet die lewe aangaan.
 - Die volk trek in die wildernis in, oppad na die beloofde land.
 - God lei die volk met 'n wolkkolom in die dag en 'n vuurkolom in die nag.
 - En dan tref die groot honger die volk.
 - Die volk wil eet
 - Die volk het kos nodig
 - Weereens gee God uitkoms
 - Manna en kwartels!
 - Die volk kan eet in absolute oorfloed
- So sien ons telkens dat God uitkoms gee
 - Hy gee vir die volk wat hulle nodig het
 - Hy lei die volk in veiligheid na die beloofde land
- Maar dit is soos wat die spreekwoord lui – daar is nie een so blind soos die een wat nie wil sien nie.
 - Die volk kyk telkens die hand van die Here mis.
 - Hulle kla weereens in die ore van Moses
 - Ons soek water
 - Ons is dors
 - Moses moet luister hoe die volk God laster deur te twyfel dat Hy sal voorsien

- In Eks. 17 leer ons vanoggend hoe God sy diensknegte gebruik ondanks die moeilike omstandighede van die wêreld.
 - Ons sien duidelik hoe God sy diensknegte roep binne moeilike omstandighede
 - Ons maak egter nie staat op eie kragte nie, want dit is God wat optree in hierdie moeilike omstandighede
 - Maar wees gehoorsaam en dien wanneer die Here roep

- **God roep ons binne moeilike omstandighede**
 - Die boek Eksodus is vir meeste van ons baie bekend
 - Baie van ons leer van kleins af oor Moses en die 10 plae.
 - Moses is een van die mees bekende figure in die Ou testament.
 - Kom ons kyk saam na waar ons op hierdie stadium in die Bybel is
 - Ons begin in Genesis met die skepping van die hemel en aarde
 - Daarna is die skepping van die mens en dan ook die val van die mens deur Adam en Eva se sonde
 - Van daar af is die mens permanent besig met die verkeerde dinge.
 - Ons lees dan van Noag en die groot vloed en dan ook van Abraham en die verbond wat die Here met hom sluit
 - So lees ons dan verder van Isak en Jakob en Jakob se seuns
 - Josef een van Jakob se seuns word verkoop deur sy broers en eindig op in Egipte waar hy 'n man van groot aansien word.
 - Hy help die hele Egipte deur die tyd van 'n groot hongersnood en so trek sy hele familie Egipte toe
 - Baie jare later nadat daardie hele nageslag al oorlede is, het die Farao egter vergeet wat Josef gedoen het, en hy begin planne beraam om ontslae te raak van al hierdie jode.
 - So sien ons dan die gevolg en die 10 plae, en die volk wat deur die rooiese trek, en die Farao en sy manne wat vernietig word.
 - Die volk oorleef en stap as vrye mense aan die ander kant uit.
 - Dink net aan die groot gejuig en die wonderlike oorwinning!
 - En dan met elke tree weg van Egipte af dieper en dieper in die wildernis in, verander die oorwinningsliedere in 'n gebrom en gemor oor hoe Egipte beter was.
 - Ons verlang terug na dit wat ons gehad het, in plaas daarvan om die hand van die Here raak te sien.
 - Die wolk en vuurkolom lei die volk na verskillende plekke toe.

- Die Here bepaal waar die volk sal oornag en ook wanneer hulle verder sal reis.
 - In Eks. 16 lees ons dat die Here manna en kwartel vir die volk gee wanneer hulle honger is.
 - En dan direk daarna is die volk dors.
 - Hulle soek water
 - Die volk maak dit baie duidelik dat daar nou water gegee sal word
 - *Gee jy vir ons water om te drink*
 - *Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?*
- Uit die volk se woordkeuse sien ons dat perspektief heeltemaal ontbreek
 - Die volk begryp nog nie dat God hulle verlos het uit Egipte nie
 - Sover hulle kennis strek het hierdie hakkelende man met die agressie probleem besluit Egipte is nie meer voldoende nie
 - Daarom moet Moses nou water voorsien
 - Die volk praat nie met die Here nie, hulle praat met Moses
- Ons kan onself net indink hoe Moses hier begin paniekbevange raak het.
 - As middelaar vir die volk tree hy op en praat met die Here
 - Hy bid
 - *Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood*
 - Moses probeer koelkop bly en praat met die Here
 - Dan beveel die Here iets wat nie mooi inpas in Moses se denkraamwerk nie – vat jou kiere en gaan slaan die klip en daar sal water daaruit kom vir die volk om te drink
 - Geliefdes dit klink waansinnig
 - Maar hier kom die bewys ook na vore dat God sal uitkoms gee
 - Hy sal optree in hierdie moeilike situasie
- **God tree op binne moeilike omstandighede**
 - Ons sien egter ook dat die Here vir Moses 'n waarborg gee dat Hy hom sal bystaan
 - In vers 6 sê die Here – *Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan*
 - God is teenwoordig
 - Hy is daar

- Dit is Hy wat sorg vir die water vir die volk om te drink
 - God is nie ver en op 'n afstand nie
 - Hy is daar tussen sy mense
 - Hy hoor hulle klagtes
 - Hy hoor hulle lasterlike stellings – *Is die Here by ons of nie?*
 - Tog straf die Here nie met vuur en swawel en donderweer nie
 - Hy gee uitkoms
 - Hy gee water
 - Ondanks die ongehoorsaamheid en gebrek aan geloof gee die Here steeds vir die volk water
 - God self staan op daardie rots en gee die water
 - Hy is die bron van die water
 - Hy is die gewer van alles wat goed is
 - Soos wat die geskiedenis aanbeweeg sien ons dat die volk maar telkens weer getwyfel het
 - Hulle soek weer water en is weer kwaad vir Moses en twyfel weer of die Here by hulle is
 - Hulle word weer dors
 - Hulle kom nie agter dat die Here besig is nie
 - In Joh. 4:14-15 sê Jesus – *“Elkeen wat van hierdie water drink sal weer dors kry, maar wie van die water gedrink het wat ek vir hom sal gee, sal in alle ewigheid nie weer dors kry nie. Nee die water wat ek vir hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel wat vir hom die ewige lewe sal gee*
 - Die geloof vat dus ons geestelike dors weg
 - Hierdie geestelike dors van Israel kon egter nie weggeneem word nie, want hulle wou nie glo nie, ogeag die feit dat God voor hulle op die rots gestaan het en vir hulle die water gegee het.
 - Moses het ondanks die ongeloof van die volk geluister en gehoorsaam gedien ongeag die moeilike omstandighede
- **Wees diensbaar in gehoorsaamheid wanneer die Here roep**
 - Moses moes gehoorsaam wees en die rots gaan slaan sodat daar water uit kon kom.
 - Geliefdes maar net so was die rots ook gehoorsaam

- Nie die rots in die woestyn wat Moses moes slaan nie, maar die rots wat die fondament van ons geloof is – Jesus Christus
 - Hy is geslaan en gemartel en uiteindelik gekruisig sodat ons deel kon kry aan die lewende water.
 - Hy is voor die leiers van die volk verby gelei sodat Hy opgehys kon word aan die kruis, as 'n duidelike teken
 - Soos wat God voorsien het in Egipte, in die woestyn, in die ballingskap, het Hy volkome voorsien dat ons vergifnis van al ons sondes kon kry deur Christus se werk as ons Middelaar
 - Ongeag die lasterlike antuigings wat teen Hom gemaak is, was Christus gehoorsaam – daarom eis God ook dat sy diensknegte gehoorsaam sal wees wanneer die Here roep

Slot

- Francois en Selma die Here roep julle ook vandag om gehoorsaam te wees
 - Hy roep julle om ondanks die moeilike omstandighede van die wêreld vir Iva groot te maak om die Here te ken en ook Sy wil te doen
 - Dit is nie maklik nie
 - Die uitdaging is groot
 - Maar die Here belowe ook dat Hy nie sy kinders alleen los nie, net soos wat Hy nie sy volk alleen gelos het in die woestyn nie.
 - Wanneer die taak onmoontlik voel – bid tot die Here
 - Wanneer dit voel dat die uitdagings van die wêreld julle onderkry – bid tot die Here
 - Ons eenheid in Christus roep ons op om mekaar by te staan, en om mekaar te herinner dat die Here sal sorg

Paulus herinner ons ook daaraan wanneer hy in 1 Kor. 10 skryf - *1Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. 2Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. 3Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, 4en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus.*